

Gesprek oor literêre tekste

Eksaminatore moet in gedagte hou dat hierdie groep kandidate wat beide geskik is vir AS-vlak of Gewone-vlak insluit.

Eksaminatore moet asseblief daarop let dat die betrokke deel van die vraestel nie 'n vraag en antwoordsessie is nie. Die eksaminator moet die gesprek lei en speel dus 'n baie belangrike rol. Indien die kandidaat nie toegelaat word om idees verder te vat nie, kan hulle nie meer as 5 of 6 as spreker kry nie omdat hulle 'n meer gelyke rol speel. Om bloot spontaan te gesels, beteken nie die gesprek word in 'n ander rigting gestuur nie. Sulke sentrums se punte word aangepas tydens moderasie. Om hordes vroeë te vra wat oombliklik beantwoord word, voldoen nie aan die vereistes van die kategorie wat 7 of 8-bepunteing, nie. Kandidate mag ook nie vroeë kry wat hulle vooraf kan gaan voorberei nie. Die eksaminator kan ekstra afskrifte van die skryfstukke maak en elke kandidaat se vroeë direk op die skryfstuk self opstel. Dit help ook die eksaminator om nie heeltyd toepaslike vroeë te soek op die aparte blaaie nie. Dit gaan outomaties daartoe lei dat die onderwerp verder ontgin word. Omdat die eksaminator ook vertrouwd is met die kandidaat se skryfstuk, gaan die gesprek beter verloop. Eksaminatore moet dus baie goed voorbereid wees, want die sukses van die mondeling hang van hulle af. Dit is egter die kandidaat se verantwoordelikheid om vertrouwd te wees met die inhoud van hulle skryfstukke. Hulle kry skryfstukke van vorige kandidate in die hande of ruil skryfstukke uit tussen sentrums. Tydens die gesprek is hulle meestal nie vertrouwd met die inhoud nie. Die uiteinde is abnormale bepunteing, want die kandidaat kry uitstekende punte vir sy of haar skryfstukke, maar die gesprek toon die teenoorgestelde. Om dit te voorkom kan die skryfstukke gedurende klastyd geskryf word. Kandidate moet dan hulle werk na elke periode in die klas los. Verder kan die blaaie waarop hulle skryf geteken word om te verseker dat niks van buite ingebring word nie. Sodra die spertyd verby is en die skryfstukke met aantekeninge van die eksaminator teruggegee word, kan hulle dit gaan tik. Die geskrewe werk moet dan weer saam met die getikte een ingehandig en gekontroleer word. Die gesprek kan ook gedurende die Augustuseksamen gedoen word en deel vorm van die eksamenpunt. Sodoende weet kandidate wat om te verwag. Dit hoef egter net 'n paar minute lank te wees en slegs een skryfstuk hoef gebruik te word. Sodra die kandidate die druk en spanning tydens die oefensessie ervaar, sal hulle beter voorbereid wees vir die uiteindelijke gesprek. Dit gee ook vir die eksaminator 'n aanduiding van kandidate wat gaan sukkel tydens die gesprek en hulle kan dan advies gegee word.

Die kandidate mag wel tydens die gesprek hulle skryfstukke by hulle hê. Dit is baie belangrik dat antwoorde nie afgelees moet word nie. Dui ook daarop tydens die oefensessie aan. Sodra die eksaminator agterkom dat die kandidaat lees, moet die vraag in 'n ander rigting gestuur word. Indien gevra word dat die kandidaat 'n aanhaling of stelling moet lees, moet dit verder ontgin word, byvoorbeeld: "Wat bedoel jy met die stelling" of "gee nog 'n voorbeeld van die simboliek waarvan jy hier praat." Daar is in die vorige verslag reeds genoem dat die eksaminator byvoorbeeld die volgende stelling kan maak; "Jy skryf in jou werkstuk dat Koki se poel simbolies is van wat hy verteenwoordig. Wat bedoel jy daarmee?" Die kandidaat kan dan reageer deur te sê: "Ja, 'n simbool is mos...en Koki se poel beeld dit perfek uit. In my skryfstuk gee ek die aanhaling (lees aanhaling). Dit beteken dat Die kandidaat voer nou die gesprek verder.

Standaardisering was ook veral by die gesprekke waar sentrums klasgroepe deel 'n probleem. Waar hierdie betrokke sentrums se punte nie min of meer ooreenstem nie, word beide groepe se punte aangepas. Die eksaminator wie se die punte op standaard is, se kandidate word dus benadeel.

Sentrums wat die verslae ter harte neem om te verseker dat kandidate na die beste van hulle vermoëns presteer word waardeer.